



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 200**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae. Beantwoord AL die vrae.

2. AL die vrae moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Lees die vrae aandagtig en antwoord slegs wat gevra word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Rond ALLE berekeninge tot TWEE desimale plekke af, tensy anders aangedui.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 'n Boerderystelsel met 'n hoë uitset op 'n klein stukkie grond word ... boerdery genoem.

A presisie-
B intensiewe
C ekstensiewe
D bestaans-

1.1.2 EEN van die volgende is NIE 'n algemene kenmerk wat gebruik word wanneer natuurlike weidings geklassifiseer word NIE:

A Smaaklikheid
B Topografie
C Grondtekstuur
D Erosietoestand

1.1.3 Beweeglike kapitaal in 'n boerderyonderneming verwys na ...

A grond.
B trekkers.
C saad.
D kunsmis.

1.1.4 Voordat daar met presisieboerdery begin word, moet jy ...

A lugfoto's wat die grootte van die grond aandui, hê.
B weet wat die totale getal diere op die plaas is.
C weet watter kultivar van die gewas hierdie jaar aangeplant is.
D weet wat die presiese kalibrering van die planter is wanneer daar aangeplant word.

1.1.5 Voordat jy jou dienste aan ander boere kan uithuur, is dit belangrik dat jy 'n ... uitreik.

A kwitansie
B faktuur
C depositostrokie
D kwotasie

1.1.6 Die daaglikse vloei van geld in 'n boerderyonderneming sal in die ... gereflekteer word.

A inkomstestaat
B kontantvloeistaat
C balansstaat
D begroting

1.1.7 Verskeie preserveringstegnieke bestaan waar 'n inhibeerder bygevoeg word om mikro-organismes in voedsel te voorkom of selfs te dood. Kies 'n tegniek wat NIE na hierdie stelling verwys NIE:

A Alkohol
B Verkoeling
C $CO_2$ (koolstofdioksied) onder druk
D Antibiotika

1.1.8 Die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) is dat elke arbeider ...

A van beskermende klere voorsien sal word wanneer onkruiddoders gespuit word.
B gedurende werksure menslik behandel sal word.
C vergoeding sal ontvang wanneer hy/sy in die uitvoering van sy/haar pligte beseer word.
D opleidingsgeleenthede sal ontvang om sy/haar vaardighede te verbeter.

1.1.9 Die proses waardeur 'n landbouproduk verander word deur gis te gebruik, staan as ... bekend.

A pasteurisasie
B fermentasie
C blansjering
D filtrasie

1.1.10 'n Bemarkingskanaal waar 'n poelstelsel algemeen gebruik word om boere se produkte te verkoop, word ... bemarking genoem.

A plaashek-
B plaasstal-
C koöperatiewe
D kontraktuele (10 x 2) (20)

1.2 Kies die korrekte beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/frase in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.11 M. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Humiditeit | A produksiefaktor wat die beplanning van 'n boerderyonderneming behels |
| 1.2.2 Grondtekstuur | B aanduiding van die voginhoud van lug |
| 1.2.3 Kommersiële boerdery | C rangskikking van gronddeeltjies |
| 1.2.4 Globale Posisionering-stelsel | D dui die posisie van 'n trekker in die land aan |
| 1.2.5 Kwitansie | E dokument uitgereik wanneer saad vir aanplanting bestel word |
| 1.2.6 Krediet | F 'n verandering in die voorkoms van 'n produk om dit vir die verbruiker aanloklik te maak |
| 1.2.7 Bestuur | G geld by 'n finansiële instelling geleen |
| 1.2.8 Uitvoermark | H dokument vir 'n kontanttransaksie op 'n plaas uitgereik |
| 1.2.9 Steriliteit | I die grootte van gronddeeltjies |
| 1.2.10 Verpakking | J boer om genoeg produkte te produseer om teen 'n wins te verkoop |
| | K geen lewende organisme teenwoordig in die geprosesseerde voedsel nie |
| | L landboubemarking wat doeane behels |

(10 x 2) (20)

1.3 Gee die korrekte term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.11 Rekordhouding.

1.3.1 Die verskillende aspekte, soos kapitaal, arbeid en klimaat, wat 'n boer in ag moet neem voordat hy met 'n nuwe landbouproduksie-eenheid begin

1.3.2 Om die regte boerdery-aktiwiteit op die regte tydstip met die regte gereedskap te doen deur die regte metode te gebruik

1.3.3 Die temperatuur waarteen 'n dier of plant gedurende 'n seisoen in 'n bepaalde streek op sy beste sal produseer

1.3.4 'n Betalingsmetode waar 'n skriftelike instruksie deur die rekeninghouer die bank magtig om die begunstigde by aanbieding te betaal

1.3.5 Die finansiële staat wat die moontlike inkomste en uitgawes vir die komende jaar aandui

1.3.6 Die tipe dokument wat vir enige transaksie wat op 'n plaas plaasvind, uitgereik sal word

1.3.7 Die tipe arbeider wat elke jaar gedurende dieselfde tydperk op 'n plaas werk om take te verrig wat jaarliks plaasvind

1.3.8 Die proses waartydens 'n produsent die produk wat op die plaas geproduseer is, sal adverteer en verkoop

1.3.9 'n Bestuursbeginsel wat verseker dat daar geen botsende belange in georganiseerde boerderyaktiwiteite is nie

1.3.10 Organisasies wat die boer sal help met inligting oor die mees onlangse produksiemetodes, bemarking en hulp met finansiering (10 x 1) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2: DIERE- EN GEWASPRODUKSIE

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

2.1 Boere moet van die impak van hul produksiemetodes op die omgewing en die beskikbare hulpbronne bewus wees. Hulpbronne, soos grond, water en veld, moet goed bestuur word om volhoubare voedselproduksie te verseker.

2.1.1 Dui VIER moontlike maniere aan waarop 'n boer die negatiewe impak van produksiemetodes op die veld kan verminder. (4)

2.1.2 Beskryf DRIE faktore wat 'n invloed op die veldbestuursprogram sal hê. (3)

2.2 Grond wat nie reg bestuur word nie, sal degradeer (agteruitgaan) en nie in staat wees om toekomstige produksie te onderhou nie. Twee vorme van agteruitgang, naamlik grondagteruitgang en vegetasie-agteruitgang is sigbaar.

2.2.1 Noem TWEE oorsake van grondagteruitgang. (2)

2.2.2 Noem TWEE metodes wat gebruik kan word om areas waar daar grondagteruitgang voorkom, te rehabiliteer (herstel). (2)

2.2.3 Noem TWEE wette wat die gebruik en bestuur van natuurlike hulpbronne beheer. (2)

2.3 Bespreek kortliks grond se fisiese onveranderlikheid onder die volgende opskrifte:

2.3.1 Grondtekstuur (2)

2.3.2 Gronddiepte (2)

2.3.3 Helling (2)

2.4 Kapitaal is een van die belangrikste hulpbronne in 'n landbouboerdery-onderneming.

2.4.1 Noem en verduidelik die TWEE hoofbronne van kapitaal wat by finansiële instellings verkry kan word. (4)

2.4.2 Noem DRIE probleme met betrekking tot kapitaal as 'n produksiefaktor. (3)

Kopiereg voorbehou 

2.5 Presisieboerdery is 'n geïntegreerde landboubestuurstelsel wat verskeie tegnologieë insluit om landbouprodukte te produseer.



2.5.1 Noem DRIE voordele van presisieboerdery. (3)

2.5.2 Rangskik die inligting hieronder chronologies om die proses van suksesvolle implementering van presisieboerdery aan te dui.

| aanwending van masjiene; dataverkryging (dataversameling); datavaslegging; data-evaluering |
|---|

(4)

2.6 Die illustrasies met verduidelikings hieronder verteenwoordig verskillende mense en hulle betrokke pligte op 'n plaas.


| A | B |
|---|---|
|  Gedurende Junie hierdie jaar in diens geneem om slegs die boer se belasting te doen |  Verantwoordelik vir die bestuur van die verskillende take wat op 'n plaas verrig word |
| **C** | **D** |
|  Gedurende die piekplant- of oestydperke in diens geneem |  Werk die 45 uur 'n week wat vir die landbousektor voorgeskryf is |

2.6.1 Bestudeer die inligting hierbo aandagtig en identifiseer die spesifieke tipe werker wat deur elke illustrasie (A–D) verteenwoordig word. (4)

2.6.2 Kies die werker uit die illustrasies hierbo wat die minste werksekerheid het. (1)

2.6.3 Verduidelik kortliks die verskille tussen die werkers in illustrasie A en C deur na die definisies te verwys. (4)

2.7 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg. Die gewas word in die eerste week aangeplant, word ryp in die vyfde week, droog af in die sesde week en word in die sewende week geoes.




2.7.1 Dui aan of daar genoeg water vir die saailinge beskikbaar is. (1)

2.7.2 Dui aan of daar genoeg water tydens die rypwordperiode van die gewas beskikbaar is. (1)

2.7.3 Gee TWEE moontlike oplossings indien daar nie genoeg water beskikbaar is vir die gewas gedurende 'n spesifieke tydperk in die siklus nie. (2)

2.7.4 Maak 'n lys van die VIER probleme wat 'n boer kan ondervind indien die reënval in die sesde en sewende week baie hoog is. (4)

**[50]**

## VRAAG 3: REKORDHOUDING, FINANSIËLE STATE EN ENTREPRENEURSKAP

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

3.1 Maak 'n lys van die basiese inligting wat op elke brondokument moet verskyn. (2)

3.2 Definieer die term *kleinkas*. (2)

3.3 'n Balansstaat gee die boer 'n prentjie van die finansiële stand van sake op 'n sekere datum. Dit sal die inligting gee wat nodig is om te besluit of krediet bekom moet word of nie.

3.3.1 Definieer die term *balansstaat* as 'n finansiële staat. (2)

3.3.2 Verduidelik die betekenis van die term *netto waarde*. (2)

3.3.3 Onderskei kortliks tussen die verskillende kredietterme en gee EEN voorbeeld van die gebruik van elkeen:

(a) Langtermynkrediet (3)

(b) Mediumtermynkrediet (3)

(c) Korttermynkrediet (3)

3.4 Boerdery is gewoonlik 'n eenmanbesigheid. Dit beteken dat 'n boer 'n goeie entrepreneur moet wees vir die besigheid om suksesvol te wees.

3.4.1 Noem VIER kenmerke van 'n goeie entrepreneur. (4)

3.4.2 Gee DRIE redes waarom mense risiko's moet neem om hul eie boerderybesighede te begin. (3)

3.5 'n Boerderybesigheidsplan bevat gewoonlik die inligting hieronder.

- Groeipotensiaal
- Visie- en missiestelling
- Prys en ander risiko's
- Aannames en definisies
- Buitelandsevaluta-risiko
- Aard van die besigheid
- Fasiliteitsplan
- Administratiewe plan

Kategoriseer die items hierbo onder die relevante opskrifte (3.5.1–3.5.5) hieronder.

3.5.1 Besigheidsbeskrywing (2)

3.5.2 Markanalise/Oorsig (1)

3.5.3 Bedryfsplan (2)

3.5.4 Risiko-analise (2)

3.5.5 Finansiële plan (1)

3.6 Die tabel hieronder verteenwoordig die rekord van die inkomste en uitgawes vir die verbouing van 'n spesifieke gewas op een hektaar.

| **INKOMSTE** | | | **UITGAWES** | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Item** | **Prys (R)** | **Datum** | **Item** | **Koste (R)** |
| 21/9 | 2 000 kartonhouers, 15 kg elk, plaasprodukte teen R40,30/kartonhouer | 80 600,00 | 01/04 | Ploeg grond teen R600,00/ha | 600,00 |
| 23/09 | 600 sakke, 10 kg elk, plaasprodukte teen R25,70/sak | 15 420,00 | 24/04 | Eg grond teen R250,00/ha | 250,00 |
| 27/09 | 20 kiste, 20 kg elk, plaasprodukte vir die huis teen R20,00/kis | 400,00 | 24/04 | 15 sakke kunsmis (50 kg) teen R395,00/sak | 5 925,00 |
| | | | 28/04 | Oopmaak van leivore en bemesting (arbeid) | 310,00 |
| | | | 29/04 | 7 sakke saad (30 kg) teen R165,00/sak | 1 155,00 |
| | | | 01/05 | 10 kg snywurm-aas teen R115/kg | 1 150,00 |
| | | | 08/09 | Oeslone vir 4 werkers teen R550,00 'n week | 2 200,00 |
| | | | 21/09 | Vervoer na die mark | 720,00 |
| | **TOTAAL** | | | **TOTAAL** | |

3.6.1 Bereken die volgende:

(a) Totale inkomste (2)

(b) Totale uitgawes (2)

3.6.2 Evalueer die waardes in die tabel om te bepaal of daar 'n wins of verlies was vir die tydperk aangedui. Motiveer jou antwoord met berekeninge en 'n rede. (4)

3.7 Bestudeer die Kontantvloeibegroting van 'n veeboer vir 'n drie-maande-tydperk vanaf 1 Oktober 2013 tot 31 Desember 2013. Beantwoord die vrae wat volg.

**Kontantvloeibegroting van 1 Oktober 2013 tot 31 Desember 2013**

| | **Oktober** | **November** | **Desember** |
|---|---|---|---|
| **KONTANTONVANGSTE** | | | |
| Kontantverkope | 225 600 | 188 800 | 150 400 |
| Skuldinvordering | 352 464 | 308 232 | 253 896 |
| Huurinkomste | 22 800 | 26 220 | 26 220 |
| **Totale ontvangste** | **(a)** | **(b)** | **(c)** |
| **KONTANTBETALINGS** | | | |
| Kontantaankope | 43 800 | 36 900 | 28 500 |
| Betalings aan krediteure | 106 988 | 87 374 | 70 350 |
| Salarisse en lone | 223 820 | 209 000 | 235 600 |
| Bedryfsuitgawes | 57 000 | 55 800 | 54 200 |
| Onttrekkings | 22 800 | 28 500 | 34 200 |
| Rente op lening | | | 7 600 |
| Leningspaaiemente | | | 19 000 |
| **Totale betalings** | **(d)** | **(e)** | **(f)** |
| **KONTANTSURPLUS/-TEKORT** | 146 456 | 105 678 | -18 934 |
| Bank (openingsaldo) | 25 000 | 171 456 | 277 134 |
| Bank (sluitingsaldo) | 171 456 | 277 134 | 247 800 |

3.7.1 Bereken die totale kontantontvangste (a–c) en die totale kontant-betalings (d–f) vir die drie-maande-tydperk. Skryf jou antwoord langs die vraagnommer (a–f) neer. (6)

3.7.2 Dui die maand aan wanneer die plaas teen 'n verlies gewerk het. Motiveer jou antwoord. (2)

3.7.3 Gee TWEE redes waarom dit belangrik is om 'n plaasbegroting op te stel. (2)
**[50]**

## VRAAG 4: OES, WAARDETOEVOEGING, BEMARKING, AGRITOERISME EN BEDRYF

**Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.**

4.1 Die prosessering van landbouprodukte is baie algemeen in die 21ste eeu. Noem VIER voordele van geprosesseerde produkte vir die verbruiker. (4)

4.2 Party boere stoor landbouprodukte by die klein maat. Noem die nadele wanneer 'n landbouproduk by die klein maat gestoor word. (4)

4.3

| |
|---|
| Die landbousektor is een van die grootste werkverskaffers in Suid-Afrika. Take op 'n plaas maak steeds staat op handearbeid. Onlangs is boerdery-gemeenskappe deur arbeidsonrus oor vergoeding en werksomstandighede geaffekteer. |

4.3.1 Noem VIER nadele daarvan om produkte met die hand te oes. (4)

4.3.2 Dui die probleme aan wat arbeiders sal ondervind indien produkte met die hand geoes word. (4)

4.3.3 Bespreek hoe 'n boer die werksomstandighede van arbeiders wat met die hand oes, kan verbeter. (5)

4.4 'n Boer het die opsie om vars produkte by 'n munisipale varsproduktemark te bemark of met 'n kontrak by een van die gerieflike supermarkte.

Tabuleer jou antwoord om vanuit die boer se oogpunt tussen hierdie twee bemarkingskanale – *'n munisipale varsproduktemark* en *'n kontrak by een van die gerieflike supermarkte* – te onderskei. (7)

4.5 Noem VIER verskillende metodes wat gebruik kan word om waarde by vars vleis te voeg. (4)

4.6 Verpakte, geprosesseerde landbouprodukte moet geëtiketteer word. Wetgewing skryf voor dat sekere inligting op die etiket moet verskyn.

Verduidelik die inligting wat op die etiket moet verskyn deur na die volgende aspekte te verwys:

4.6.1 Produkinligting (3)

4.6.2 Voedingswaarde (3)

4.6.3 Allergieë (2)

Kopiereg voorbehou 

4.7 Wildplase is toeriste-aantreklikhede en dra by tot die beeld van ons land.

4.7.1 Gee DRIE redes waarom boere hul plase verander om agritoeriste-aantreklikhede te word. (3)

4.7.2 Verduidelik waarom 'n wildplaas vir toeriste aantrekliker as 'n gewone plaas is. (2)

4.8

| |
|---|
| 'n Veeboer evalueer die plaas om vir verdere ontwikkeling te beplan. Die volgende waarnemings is tydens die evaluasie gemaak:<br><br>• Die inkomste uit die verkoop van stoetdiere het gedurende die afgelope twee jaar gestyg.<br>• Die inkomste uit kommersiële diere het gedurende die afgelope twee jaar gedaal.<br>• Die totale getal beeste het jaarliks gestyg.<br>• Die weeklikse gewigstoename van die beeste het afgeneem. |

Evalueer die inligting hierbo en maak 'n paar aanbevelings by hierdie boer. (5)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou